GRONDWET

DRAKENSBERGER BEESTELERSGENOOTSKAP

Gewysig Februarie 2023

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

WOORDOMSKRYWINGS 3

KLOUSULES

1. Naam van die Genootskap 5
2. Doelstellings 5
3. Magte van die Genootskap 5
4. Lidmaatskap 5
5. Register van lede 8
6. Regte en voorregte van lede 8
7. Ledegeld en gelde 8
8. Bedankings, skorsing en opheffing van stemreg van lede 9
9. Heraansluiting van lede 10
10. Verkiesing van die Raad en Uitvoerende Komitee 10
11. Magte en pligte van die Raad 12
12. Vergaderings 14
13. Notules van vergaderings 17
14. Finansiële bepalings 17
15. Lidmaatskap van die Vereniging en affiliasies 17
16. Verkiesing van verteenwoordiger/s tot die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging 17
17. Grondwetlike wysigings 18
18. Kantoor van die Genootskap 18
19. Ontbinding van die Genootskap 18
20. Vrywaring 18
21. Oordrag van Bevoegdhede 18
22. Nie-lede 18
23. Outentieke lesing van hierdie Grondwet 18

VERORDENINGE

1. Kuddeboek 19
2. Voorvoegsel en kenmerkletters 20
3. Identifikasie 20
4. Name 21
5. Kennisgewing van geboortes 21
6. Dekking- en insemineringsertifikate en die gesamentlike besit van bulle 23
7. Dragtigheidsperiode 23
8. Vereistes ten opsigte van aantekening of registrasie 23
9. Inspeksies en produksievereistes 25
10. Reëls met betrekking tot kunsmatige inseminering 26
11. Reëls met betrekking tot embrio-oorplasings 28
12. Ingevoerde eiselle en embrios 29
13. Aantekening- of Registrasiesertifikate 29
14. Bevestiging van ouerskap 29
15. Oordragte 30
16. Herinstelling van diere in die kuddeboek 30
17. Kansellering van aantekening of registrasie 30

WOORDOMSKRYWING

1. Wanneer dit in hierdie Grondwet gebruik word en ‘n strydige mening nie duidelik uit die verband blyk nie, beteken −

(a) “aantekening”, die prosedure van inskrywing van ‘n dier in die Hulpstamboek afdeling van die Kuddeboek;

(b) “Departement”, die Departement of Departemente gemoeid met die administrasie van die Wet;

(c) “dier”, ‘n Drakensberger wat in die Kuddeboek aangeteken of geregistreer is of daarvoor geskik is, en die woorde “bees/te”, “bul/le”, “kalf/kalwers”, “koei/e” en “vers/e” sal dieselfde betekenis hê;

(d) “eienaar” (van ‘n dier) die persoon wie −

(i) (volgens die rekords van die Vereniging) sodanige dier besit, of

(ii) wat tot bevrediging van die Raad bewys lewer dat sodanige dier geskik is om so in sy naam aangeteken of geregistreer te word, of

(iii) in die geval van ‘n ingevoerde dier geregtig is om die dier in sy naam in die erkende kuddeboek van die land van herkoms te registreer;

(e) “eisel”, ‘n eisel van ‘n dier en sluit ook ‘n embrio in;

(f) “embrio”, ‘n bevrugte eisel van ‘n dier;

(g) “Gebied”, die RSA en sodanige ander lande soos van tyd tot tyd deur die Genootskap met die goedkeuring van die Vereniging bepaal;

(h) “geboorte”, die geboorte van ‘n dier;

(i) “Genootskap”, Drakensberger Beestelersgenootskap;

(j) “goedgekeurde/goedkeuring”, alle diere wat aangeteken of geregistreer is en tydens keuring ingevolge Verordening 9 goedgekeur word ter bevestiging van hul aangetekende/geregistreerde status;

(k) “Grondwet”, die Grondwet (met inbegrip van die Verordeninge) van die Genootskap;

(l) “Inspekteur “ of “keurder”, ‘n persoon in die hoedanigheid as inspekteur deur die Raad aangestel;

(m) “Intergis” is die geïntegreerde registrasie en genetiese inligtingstelsel;

(n) “Kalfboek”, die Kalfboek van die Genootskap waarin die besonderhede van alle kalwers ingeskryf word ten opsigte waarvan geboortekennisgewings ingedien word;

(o) “koper”, die persoon of persone aan wie eienaarskap of gesamentlike eienaarskap van ‘n dier oorgedra word deur die verkoper van sodanige dier;

(p) “Kuddeboek”, die Kuddeboek van die Genootskap waarin die besonderhede van alle diere deur die Genootskap by die Vereniging ingeskryf word;

(q) “Minister”, die Minister van die betrokke Departement;

(r) “persoon”, insluitende ‘n natuurlike of regspersoon;

(s) “produksie”, die groei- en produksieprestasie, reproduksie en/of funksie van ‘n dier,

(t) “Raad”, die Raad van die Genootskap;

(u) “Registrateur”, die beampte aangewys as Registrateur van Veeverbetering ingevolge Artikel 4 van die Wet;

(v) “registreer”, die prosedure van inskrywing van diere deur die Vereniging in die Hulpstamboek- en Volgeregistreerde Afdelings van die Kuddeboek of waardeur ‘n voorvoegsel deur die Vereniging op rekord geplaas word;

(w) “registreerbaar”, die vereistes wat gestel word om ‘n dier waarvan die geboorte aangemeld word te keur as geskik om op aansoek registreer te word;

(x) “RSA”, die Republiek van Suid-Afrika;

(y) “Sekretaresse”, die Sekretaresse van die Genootskap;

(z) “semen”, die semen van ‘n Drakensbergerbul;

(aa) “SP” Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek

(bb) “Suid-Afrikaansgeteelde dier” (vir doeleindes van aantekening of registrasie), ‘n dier wat in of op weg na Suid-Afrika gebore is: Met dien verstande dat ‘n Drakensberger wat gebore word as gevolg

van ‘n ingevoerde eisel as ‘n ingevoerde Drakensberger beskou word;

(cc) “teler” (van ‘n dier), ‘n lid van die Genootskap wie die eienaar is van −

(i) die moeder ten tyde van die geboorte van ‘n kalf geskik vir registrasie,

(ii) sodanige dier tydens aansoek om registrasie in die eerste Afdeling van die Hulpstamboek Afdeling van die Kuddeboek,

(iii) die ontvangerkoei ten tyde van die geboorte van ‘n kalf geskik vir registrasie as gevolg van embrio-oorplasing;

(dd) “Vereniging”, die Suid-Afrikaanse Stamboek- en Diereverbeteringsverteniging;

(ee) “verkoper”, die persoon of persone wie volgens die rekords van die Vereniging die eienaar of gesamentlike eienaars van ‘n dier is, of in die geval van ‘n ingevoerde dier, die eienaar in die land van herkoms, wie sodanige dier verkoop het;

(ff) Wet”, Wet op Diereverbetering van 1998, of enige verdere wetgewing met dieselfde doelstelling as in die gemelde Wet, insluitende die regulasies uitgevaardig ingevolge daarvan.

2. Ander woorde, afkortings en terme gebruik in die Grondwet, wat nie hierbo omskryf is nie, en waaraan ‘n bepaalde betekenis geheg word in die Wet, sal dieselfde beteken as in die Wet.

3. Tensy ‘n teenstrydige mening duidelik uit die verband blyk, sal alle woorde wat in die Grondwet na persone in die manlike geslag verwys die vroulike geslag insluit en woorde in die enkelvoud sal die meervoud insluit en woorde in die meervoud sal die enkelvoud insluit.

GRONDWET

1. NAAM VAN DIE GENOOTSKAP

Die naam van die Genootskap is die Drakensberger Beestelersgenootskap.

2. DOELSTELLINGS

Onderhewig aan die bepalings van die Wet en hierdie Grondwet is die doelstellings van die Genootskap –

(a) om die teelt en genetiese verbetering van die ras in die Gebied aan te moedig deur uitvoering te gee aan die magte en pligte verleen aan die Genootskap ingevolge die Wet ten opsigte van aantekening of registrasie van stambome by die Vereniging, invoer en uitvoer van diere, semen en eiselle, adviserende- en inspeksiedienste of op enige ander wyse;

(b) om die rasegtheid van Drakensbergers in die Gebied te bewaar en om deur alle moontlike en beskikbare middele belangstelling in die ras te bevorder;

(c) om noukeurig verslae van die stambome en besonderhede van diere saam te stel, te bewaar en in stand te hou of te laat saamstel, met die doel vir aantekening of registrasie deur die Vereniging;

(d) om 'n Standaard van Voortreflikheid vir die ras op te stel en om minimum rasstandaarde daar te stel gebaseer op produksiegegewens, visuele evaluasie vir genetiese afwykings en funksionele doeltreffendheid. Vir hierdie doel sal die gevraagde produksiegegewens aan die Raad en inspekteurs beskikbaar gestel word;

(e) om vir tentoonstellingsdoeleindes verskillende klasse vir Drakensbergers te verkry en beoordelaars te benoem wat bevoeg geag word om die ras te beoordeel; om landbougenootskappe en andere te oortuig van die wenslikheid en noodsaaklikheid daarvan om slegs beoordelaars aan te stel wat deur die Genootskap aanbeveel word;

(f) om die verkoop van diere te bevorder;

(g) om deur samewerking met die Vereniging en die Departement, voorligting te gee om die ras te verbeter;

(h) om in die algemeen alles in sy vermoë te doen ter bevordering van sy lede se belange met betrekking tot hul bedrywighede in verband met die ras; en

(i) om inligting in te win en te versprei aangaande die beste wyse waarop die teling van diere die beste uitgevoer en op die voordeligste manier uitgebou en voortgesit kan word en lede op hoogte te hou met wetenskaplike- en ander ontwikkeling.

3. MAGTE VAN DIE GENOOTSKAP

Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet sal die Genootskap die mag hê om –

(a) sodanige funksies te vervul en pligte uit te voer soos deur die Wet neergelê asook kragtens sy lidmaatskap van die Vereniging en die verlening van regspersoonlikheid aan die Genootskap in terme van die Wet; en

(b) in die algemeen stappe te neem soortgelyk aan dié wat ‘n regspersoon by wetgewing kan verrig ten einde sy doelstellings te bereik.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Verkiesbaarheid

Lidmaatskap van die Genootskap sal beperk wees tot persone bo die ouderdom van 18 jaar.

4.2 Indeling van Lidmaatskap

Lidmaatskap sal uit die volgende lede bestaan −

4.2.1 Gewone lede

Persone wat in Suid-Afrika woon en wat direk of indirek met die teelt van diere gemoeid is, kan vir Gewone Lidmaatskap van die Genootskap in aanmerking kom. Vir die doeleindes van hierdie subklousule word 'n maatskappy, private maatskappy, vennootskap, beslote korporasie, trust of regspersoon beskou as 'n persoon en kan as sodanig vir Gewone Lidmaatskap van die Genootskap

in aanmerking kom.

4.2.2 Lewenslede

Enige Gewone Lid mag met die goedkeuring van die Raad 'n Lewenslid word deur die betaling van sodanige bedrag of ledegeld as wat die Raad mag bepaal. (Skedule A)

4.2.3 Ere-Presidente

Vir spesiale dienste gelewer in belang van die ras mag die Algemene Jaarvergadering 'n persoon tot Ere-President verkies: Op voorwaarde dat dit op aanbeveling van die Raad geskied. Sodanige Ere-President sal al die regte en voorregte van lidmaatskap geniet, insluitende stemreg by enige vergadering van die Genootskap waarop hy ex officio sitting het. Daar sal nie meer as drie Ere-Presidente gelyktydig wees nie.

4.2.4 Spesiale Erelede

Persone wie nie noodwendig aktief gemoeid is met die teel van diere van die ras nie, mag deur die Raad verkies word tot Spesiale Erelid: Op sodanige voorwaardes soos deur die Raad bepaal mag word. 'n Spesiale Erelid sal geen stemreg by vergaderings van die Genootskap hê nie en ook nie tot die Raad verkiesbaar wees nie.

4.2.5 Junior Lede

Persone onder die ouderdom van 18 jaar mag, mits die Raad dit goedkeur, Junior Lede word. Sodanige Junior Lede sal geen stemreg by vergaderings hê nie en nie tot die Raad verkiesbaar wees nie. Na betaling van die vasgestelde gelde mag hulle aan die ander aktiwiteite van die Genootskap deelneem.

4.2.6 Buitelandse Lede

Enige persoon met inbegrip van ‘n maatskappy, private maatskappy, vennootskap, beslote korporasie, trust of regspersoon woonagtig in die Gebied buite Suid-Afrika wat belangstelling toon in die teel van diere en/of wie direk of indirek gemoeid is met die teel van diere, sal in aanmerking kom vir aanvaarding as ‘n Buitelandse Lid.

Uitgesonderd die reg om −

(a) op ‘n algemene vergadering te stem, en

(b) om tot die Raad verkies te word,

sal al die regte, voorregte en verpligtinge van lede *mutatis mutandis* van toepassing wees op alle lede wie aansoek doen om by die Genootskap geregistreer te word of wie reeds by die Genootskap as Buitelandse Lede geregistreer is. Buitelandse Lede is *ipso facto* aanspreeklik vir kostes aan die Vereniging.

4.2.7 Spesiale Lede

Lid sonder beeste wat gemoeid is met stoetteling. Sodanige Spesiale Lede sal stemreg by vergaderings hê en is verkiesbaar tot die Raad.

4.3 Maatskappy, Private Maatskappy, Beslote Korporasie, Vennootskap, Trust of Regspersoon

4.3.1 'n Maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon wat om Gewone Lidmaatskap aansoek doen, moet aan die Genootskap sodanige feite en gegewens voorlê as wat nodig mag wees om die aard van die beherende aandeel daarin te bepaal en moet dan, of te eniger tyd daarna, benewens die vereiste gegewens wat van alle aansoekers verlang word, die Genootskap verder in kennis stel van die naam en adres van die persoon wat aangestel is om as verteenwoordiger by vergaderings van die Genootskap op te tree: Op die verdere voorwaarde dat sodanige persoon die reg sal hê om skriftelik 'n plaasvervanger te benoem. Sodanige skriftelike benoeming moet die Genootskap nie later as voor die aanvang van die vergadering waarop sodanige plaasvervanger moet stem, bereik nie.

Ten opsigte van 'n vennootskap moet die volle name en adresse van alle vennote ten tye van aansoek om lidmaatskap aan die Genootskap verstrek word en sulke vennote sal gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik wees vir alle verpligtinge teenoor die Genootskap.

4.3.2 Alle stukke wat aan sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger, soos in Klousule 4.3.1 uiteengesit,

gerig is, word beskou as behoorlik op die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon bestel te wees en by alle vergaderings wat deur sodanige gevolmagtigde verteenwoordiger namens die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon bygewoon word, word die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon beskou as behoorlik verteenwoordig te wees.

4.3.3 Die persoon wat op so 'n manier aangewys is om sodanige maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon te verteenwoordig, mag tot die Raad verkies word.

4.3.4 Indien so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon in gebreke bly om aan die vereistes van Gewone Lidmaatskap te voldoen, soos in Klousule 4.2 uiteengesit, sal sy lidmaatskap van die Genootskap beëindig word en die bepalinge van Klousule 4.3.5 sal *mutatis mutandis* op so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon van toepassing wees.

4.3.5 In die geval van die likwidasie van 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, of regspersoon of die ontbinding van 'n vennootskap/trust, sal lidmaatskap van die Genootskap outomaties beëindig word: Met dien verstande dat −

(a) alle gelde of bedrae aan die Genootskap verskuldig op die datum van likwidasie of ontbinding deur die Genootskap gevorder sal word van die likwidateur van sodanige maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie of regspersoon of van die lede (hetsy gesamentlik of afsonderlik) van sodanige vennootskap/trust;

(b) die likwidateur van sodanige maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie of regspersoon en die lede van sodanige vennootskap/trust verplig sal wees om al die verpligtinge van so 'n maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon na te kom ten opsigte van aantekeninge, registrasies, oordragte of enige verpligtinge wat die maatskappy, private maatskappy, beslote korporasie, vennootskap, trust of regspersoon moes nakom as lid van die Genootskap; en

(c) enige gelde wat betaalbaar mag wees, soos kuddegelde, aantekeninge, registrasies of ander verpligtinge wat na so 'n outomatiese beëindiging van lidmaatskap nagekom moet word, ooreenkomstig die skaal vir Gewone Lede opgelê word.

4.4 Aansoek om Lidmaatskap

4.4.1 Aansoek om lidmaatskap van die Genootskap moet op die vorm, soos deur die Raad bepaal, aan die Genootskap gerig word. Die aansoek moet ook vergesel gaan van die betrokke ledegelde soos uiteengesit in die Skedule van Gelde van die Genootskap (Skedule A). Deelname aan die Produksie-aantekeningstelsel is verpligtend.

4.4.2 'n Aansoek om lidmaatskap moet vergesel gaan van die nodige bewys dat aan die bepaalde vereistes beantwoord word.

4.4.3 Die Raad mag die aansoek om lidmaatskap van enige persoon aanvaar, hetsy onvoorwaardelik of op sodanige voorwaardes as wat die Raad mag bepaal, of enige aansoek weier: Met dien verstande dat redes vir sodanige weiering verstrek sal word.

4.4.4 Indien 'n aansoek om lidmaatskap geweier is, sal die aansoeker geregtig wees op die terugbetaling van enige gelde wat sy aansoek vergesel het.

4.5 Benutting van Produksiedata

Produksiedata van lede wat deelneem aan die Produksie-aantekeningstelsel mag op versoek van die Genootskap, onderhewig aan die voorwaardes soos wat deur die Vereniging se Bestuurskomitee bepaal mag word, aan die Genootskap beskikbaar gestel word. Die Genootskap onderneem dat die data nie tot nadeel en/of voordeel van ‘n lid of lede aangewend sal word nie en dat verdere verwerking van sodanige data nie strydig sal wees met die vereistes en bepalinge van die betrokke Produksie-aantekeningstelsel nie.

5. REGISTER VAN LEDE

5.1 Die Genootskap sal 'n register van alle lede hou waarin die datum van toelating tot lidmaatskap, hul pos- en e-posadres, woonadres, bedrae van hul ontvang en die datum van betalings, agterstallige gelde, indien enige, wat verskuldig mag wees, ingeskryf moet word.

5.2 Elke lid moet die Genootskap skriftelik van 'n verandering van sy pos- en eposadres in kennis stel en alle kennisgewings of publikasies wat aan 'n lid se aangetekende adres gestuur is, sal beskou word as behoorlik op sodanige lid bestel te wees.

5.3 Alle stukke wat per aangetekende of geregistreerde pos deur die Genootskap aan lede versend is, sal as bindend beskou word.

5.4 Die Genootskap sal die Vereniging met inligting met betrekking tot nuwe lidmaatskappe, bedankings en skorsing van lede (vir watter rede ookal), en pos- en eposadresse van lede voorsien soos verlang.

6. REGTE EN VOORREGTE VAN LEDE

Uitgesluit eksekuteurs van afgestorwe boedels, kurators van insolvente boedels en liwidateurs van maatskappye of private maatskappye sal die regte en voorregte van elke lid van die Genootskap persoonlik op homself van toepassing wees en is nie oordraagbaar nie, hetsy deur sy eie handeling of deur enige wetsbepaling.

Regte van lede sal, onderworpe aan die voorskriftelike bepalinge van Klousules 4 en 8.3, die volgende insluit –

(a) om alle verslae en ander publikasies te ontvang wat deur die Genootskap vir verspreiding onder lede uitgegee word;

(b) om alle algemene vergaderings van die Genootskap by te woon en om op sodanige vergadering te stem;

(c) om aansoek te doen om die aantekening en registrasie van diere in ooreenstemming met die bepalinge van die Grondwet;

(d) om, indien beskikbaar, alle deskundige tegniese advies met betrekking tot aangeleenthede rakende Drakensbergers van die Genootskap se inspekteurs en amptenare te ontvang. Alle koste wat hieraan verbonde mag wees moet deur die aansoeker betaal word;

(e) om die Genootskap se amptelike verslae te raadpleeg en te gebruik; en

(f) om oor al die regte en voorregte en verpligtinge soos in die Grondwet uiteengesit, te beskik.

7. LEDEGELD EN GELDE

7.1 Alle ledegelde of enige ander gelde en kommissie aan die Genootskap betaalbaar, word van tyd tot tyd deur die Raad bepaal en word vir kennisname op die eerste daaropvolgende algemene vergadering van die Genootskap voorgelê.

7.2 Die jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar op 1 Julie van elke jaar en sal as agterstallig beskou word as dit op 30 September van dieselfde jaar nog nie betaal is nie.

7.3 Enige lid wie –

(a) se ledegeld agterstallig is; of

(b) wat ander gelde en kommissie aan die Genootskap skuld ten opsigte van enige gelde of verpligtinge vir meer as 30 dae nadat 'n eis om betaling daarvan deur die Sekretaris aan hom gerig is, sal daarna geen regte en voorregte van lidmaatskap geniet voordat sodanige skulde aangesuiwer is nie.

7.4 Die Raad mag opdrag gee dat rente en/of boetes gehef word op alle agterstallige rekeninge teen 'n koers soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel mag word.

7.5 Enige lid wat, om watter rede ookal, ophou om 'n lid van die Genootskap te wees sal aanspreeklik bly vir alle bedrae wat ten tyde van die beëindiging van sy lidmaatskap deur hom aan die Genootskap verskuldig was.

7.6 Indien die Raad sou beslis dat die rekening van 'n lid agterstallig is of ten tye van die beëindiging van sy lidmaatskap uitstaande is, sal so 'n lid, indien sy rekening vir invordering aan 'n firma van prokureurs oorhandig word, verantwoordelik gehou word vir die betaling van alle regskoste, invorderingsgelde, prokureursgelde en kliëntkostes wat dit mag meebring, tesame met die oorspronklike bedrag, boetes en eise wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is. Sodanige lid se dienste word opgeskort wanneer sy agterstallige rekening 120 dae oorskry.

8. BEDANKINGS, SKORSING EN OPHEFFING VAN STEMREG VAN LEDE

8.1 Bedanking van Lede

Enige lid mag as lid van die Genootskap bedank deur nie minder nie as een maand voor 30 Junie skriftelik kennis daarvan aan die Genootskap te gee: Met dien verstande dat –

(a) sodanige bedanking nie in werking sal tree voor 30 Junie van die boekjaar waarin die bedanking ingedien is nie;

(b) geen ledegelde of gedeelte daarvan terugbetaalbaar sal wees nie; en

(c) alle gelde aan die Genootskap verskuldig ten volle betaal is en die lid sy verpligtinge nagekom het ten opsigte van dokumente, rekords, aantekeninge, registrasies en oordragte of enige ander verpligting met betrekking tot sy lidmaatskap deur die Genootskap vereis.

8.2 Skorsing van Lede

8.2.1 Die Raad mag 'n lid skors wat −

(a) in gebreke gebly het om enige bedrag wat deur hom aan die Genootskap verskuldig is te betaal binne 60 dae nadat 'n skriftelike eis vir sodanige vereffening deur die Sekretaris onderteken, aan hom gepos of per e-pos gestuur is;

(b) die Grondwet of enige reël van die Genootskap oortree het of wat na oordeel van die Raad op enige wyse oneerbaar of afbrekend teenoor die karakter, of ten nadele van die belange van die Genootskap en Vereniging opgetree het;

(c) deur sy optrede of gebrek daaraan werklike of moontlike oneer aan die Genootskap gebring het of wat skuldig was aan gedrag ten werklike of moontlike nadele van die doelstellinge van die Genootskap;

(d) met opset of vir persoonlike gewin of voordeel foutiewe informasie aan die Genootskap of enige van sy amptenare of aan beamptes of beoordelaars by skoue verstrek het, of wat aan die liggaam van 'n dier sodanige veranderings aangebring het om enige persoon te mislei;

(e) probeer om 'n amptenaar van die Genootskap om te koop; of

(f) skuldig bevind is op grond van oortreding van die Wet;

MET DIEN VERSTANDE DAT geen stappe vir skorsing geneem sal word teen 'n lid van die Genootskap nie, alvorens die Sekretaris nie minstens 30 dae voor die datum van die Raadsvergadering waarop sodanige skorsing behandel sal word, 'n e-pos aan so 'n lid gerig het waarin hy in kennis gestel word van sy voorgestelde skorsing en waarin daar 'n beroep op hom gedoen word om persoonlik, of indien hy so verkies, deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, sy kant van die saak op die Raadsvergadering te stel.

8.2.2 Die Raad of enige Komitee van die Raad sal geregtig wees om behoorlik navraag te doen in

verband met die gedrag van 'n lid en om sodanige informasie by so 'n plek, persoon, firma en/of instansie in ontvangs te neem en daarop te handel op so 'n wyse as wat die Raad mag goeddink.

Die gewone reëls wat betref die lewering van getuienis sal nie van toepassing wees op sodanige bona fide navraag nie en geen lid sal enige aksie, eis en/of reg van verhaal teen die Raad of sy Komitee hê in verband met enige aangeleentheid en/of saak wat voortspruit uit sodanige navraag of informasie wat bekom was nie.

8.2.3 Enige lid wat geskors is, moet deur die Genootskap skriftelik daarvan in kennis gestel word binne drie dae na die datum waarop die besluit met betrekking tot sy uitsetting goedgekeur is.

8.2.4 Na sodanige skorsing van 'n lid mag die Raad opdrag aan die Sekretaris gee om sy naam uit die Kuddeboek en enige ander registers of verslae van die Genootskap te verwyder en by die Vereniging aansoek doen vir die kansellering van alle aantekeninge of registrasies ten opsigte van diere wat deur die geskorste lid geteel is en ten tyde van sy skorsing in sy besit was. Na sodanige datum sal geen beeste deur hom geteel, aangeteken, geregistreer of oorgedra word nie, geen geboortekennisgewing ontvang van hom sal aanvaar word nie en hy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word.

8.2.5 Enige lid wat geskors word sal alle gelde deur hom verskuldig aan die Genootskap ten volle betaal en al sy verpligtinge nakom ten opsigte van aantekeninge, registrasies en oordragte of enige ander verpligtinge met betrekking tot sy lidmaatskap.

8.2.6 Enige persoon wat as lid van die Genootskap geskors word bly aanspreeklik vir alle ledegeld en gelde deur hom verskuldig aan die Genootskap ten tyde van sy skorsing.

8.3 Opheffing van Stemreg

8.3.1 Enige lid, uitgesonderd lede in Klousules 4.2.2 en 4.2.3 en 4.2.7 bedoel, wat vir 'n termyn soos wat die Raad van tyd tot tyd mag bepaal geen diere in sy naam laat aanteken of registreer het nie of wat nie aangetekende of geregistreerde diere gedurende sodanige tydperk aangekoop het waarvan die oordragte in sy naam geregistreer is nie, sal sy stemreg waarna in Klousule 6 (b) verwys word, verbeur.

8.3.2 Die stemreg van geen lid sal opgehef word mits hy nie ten minste 30 dae voor die vergadering waarop sodanige opheffing in werking sal tree daarvan skriftelik deur die Sekretaris in kennis gestel is nie.

8.3.3 Sodanige opheffing van stemreg van 'n lid sal van krag bly totdat hy weer diere laat aanteken of registreer waarna die opheffing van sy stemreg onmiddellik beëindig sal word sonder dat enige kennisgewing te dien effekte aan hom gegee moet word.

8.3.4 Die opheffing van stemreg op die hierin vermelde wyse sal geensins die ander regte en/of verpligting van lidmaatskap affekteer nie.

9. HERAANSLUITING VAN LEDE

Enige persoon wat opgehou het om lid van die Genootskap te wees, mag weer vir lidmaatskap in aanmerking kom ooreenkomstig die bepalinge van Klousule 4.4 nadat alle agterstallige skulde vereffen is.

10. VERKIESING VAN DIE RAAD EN UITVOERENDE KOMITEE

10.1 Die belange van die Genootskap sal beheer en bestuur word deur 'n Raad van nege lede wat as volg saamgestel is −

(a) President
(b) Vise-President, en
(c) sewe lede.

10.2 Die metode van verkiesing van Raadslede sal as volg wees −

(a) Verkiesing sal op een of beide van die volgende metodes geskied:

i) per geslote stembrief waarvan sodanige stembrief geen nommer en/of handtekening bevat om die identiteit van die kieser te openbaar nie; of

ii) per elektroniese stemming vir lede persoonlik teenwoordig by enige Algemene Vergadering, per elektroniese middele soos deur die Raad goedgekeur vir die gebruik om óf te help óf te sorg vir die uitbring en tel van die uitslae. In die geval waar elektroniese stemming nie totale geheimhouding verseker nie, sal van onafhanklike ouditering gebruik gemaak word wat sal dien as geheimhouding van sodanige elektroniese stemme.

(b) Op elke Algemene Jaarvergadering sal die drie langsdienende Raadslede uittree en sal drie nuwe Raadslede vir ‘n termyn van drie jaar verkies word.

(c) Uittredende lede sal herkiesbaar wees.

(d) Na verkiesing van elke nuwe Raad sal die Algemene Jaarvergadering ‘n President en Vise-President deur middel van geslote stembriefies vanuit die geledere van die nuut verkose Raad kies, wat die onderskeie ampte vir ‘n tydperk van een jaar sal beklee.

(e) Geen persoon mag die amp van President of Visie-President vir langer as drie jaar agtereenvolgens beklee nie, maar sal egter een jaar na verstryking van sodanige tydperk weer herkiesbaar wees.

10.3 Indien 'n lid van die Raad te sterwe kom, bedank, ophou om lid van die Genootskap te wees of sy amp verbeur ingevolge Klousule 10.5 kan die Raad 'n ander lid van die Genootskap aanwys as sy plaasvervanger met volle magte vir die res van sy dienstermyn. Die Raad sal as behoorlik gekonstitueer beskou word en sal voortgaan om al die magte wat aan hom opgedra is uit te voer nieteenstaande enige vakatures wat daarin mag ontstaan.

10.4 In die geval waar die amp van President of Vise-President vakant raak voor die verstryking van die tydperk waarvoor hy tot die Raad verkies is, moet die Raad by sy daaropvolgende vergadering per geslote stembriefies een uit sy geledere nomineer en verkies om die vakature vir die onverstreke tydperk te vul.

10.5 Lede van die Raad wat van twee agtereenvolgende vergaderings van die Raad afwesig was sonder toestemming of grondige rede, sal hul amp verbeur.

10.6 Benewens die nege verkose lede van die Raad sal die volgende persone ook op die Raad dien –

(a) Ere-Presidente
Persone ooreenkomstig Klousule 4.2.3 verkies sal ex officio-lede van die Raad wees, en sal alle regte en voorregte van Raadslede geniet.

(b) Sekretaresse
Die Sekretaresse wat alle vergaderings van die Genootskap sal bywoon en die reg het om aan bespreking deel te neem, maar nie stemreg sal hê nie.

(c) Verteenwoordiger van die Produksie-aantekeningstelsel
Sodanige lid mag na oorlegpleging met die bestuur van die vereniging op die Raad gekoöpteer word in ’n adviserende hoedanigheid met die reg om alle vergaderings by te woon, maar sonder stemreg.

(d) Elke Klub wat nie op die Raad verteenwoordig is nie, mag uit hul geledere ‘n lid nomineer vir die Raad. Die Raad het die reg om so ‘n persoon te ko-opteer of af te wys. Sodanige lid sal stemreg hê , en die klub sal vir sy kostes instaan.

10.7 Uitvoerende Komitee

(a) Die Uitvoerende Komitee van die Raad, wat magte sal beklee soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, sal bestaan uit die President, Vise-President en twee lede wat jaarliks na afloop van die Algemene Jaarvergadering of op die daaropvolgende Raadsvergadering deur die nuwe Raad

verkies word. Alle verrigtinge of besluite van die Uitvoerende Komitee moet goedgekeur word op die daaropvolgende Raadsvergadering.

(b) Lede van die Uitvoerende Komitee beklee hierdie amp tot die verkiesing van die Raad met die volgende Algemene Jaarvergadering.

11. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE RAAD

Die Raad het, onderworpe aan die bepalinge van die Grondwet en die besluite van die Genootskap soos van tyd tot tyd geneem word, die mag om sodanig op te tree as wat in belang van die Genootskap is, of vir die bevordering en volvoering van sy doelstellinge wat nodig of wenslik geag mag word.

In besonder het die Raad die mag om −

11.1 algemene vergaderings van die Genootskap te belê, òf na aanleiding van 'n spesiale versoek daartoe wat volgens die bepalinge van die Grondwet gerig is, òf andersins indien dit noodsaaklik geag word;

11.2 na goeddunke sodanige ouditeure, prokureurs of ander regsverteenwoordigers, agente, ampsdraers of amptenare of ander werknemers permanent, tydelik of met die oog op spesiale dienste aan te stel, te ontslaan, of te skors; om hul magte en pligte te bepaal, hul vergoeding en diensvoorwaardes vas te stel en om sodanige voorsorg te tref vir die behoorlike uitvoering van hul pligte, as wat in besondere gevalle raadsaam geag mag word;

11.3 'n geding in te stel, te voer, te laat voer, te verdedig, of 'n skikking aan te gaan ten opsigte van enige geregtelike stappe deur of teen die Genootskap of teen enige van sy ampsdraers of amptenare of ander werknemers in verband met die aangeleenthede van die Genootskap; en om enige skulde wat betaalbaar is te verminder, af te skryf of uitstel te verleen vir die afbetaling daarvan of die voldoening aan enige eise of aanskrywing deur of teen die Genootskap;

11.4 inspekteurs aan te stel om diere wat vir aantekening of registrasie aangebied is, te keur en vir die doel van enige ander werksaamhede waarvoor lede van die Genootskap die dienste van inspekteurs mag verlang en om aan sodanige inspekteurs opdragte te gee en magte te verleen met betrekking tot hul pligte om te verseker dat die doelstellings van die Genootskap uitgevoer word, of om hulle dienste te beëindig;

11.5 opdrag te gee aan inspekteurs en/of ander amptenare van die Genootskap om ondersoek in te stel na gevalle waar daar nie behoorlik rekords gehou word nie of waar daar twyfel mag ontstaan met betrekking tot die identiteit van 'n dier of diere en om sodanige stappe te neem soos in die belang van die Genootskap wenslik geag mag word;

11.6 ‘n Uitvoerende Komitee ooreenkomstig Klousule 10.7 te verkies;

11.7 die dienste van enige lid van die Genootskap te koöpteer, en om subkomitees te benoem op sodanige voorwaardes en sodanige magte aan hulle te verleen as wat van tyd tot tyd wenslik geag mag word. Die President en Vise-President van die Genootskap is *ex officio* lede van alle subkomitees, met alle regte en voorregte. Addisionele lede mag op die Raad koöpteer word, maar sulke gekoöpteerde lede sal nie stemreg op die Raad hê nie;

11.8 sodanige reëls en voorwaardes op te stel met betrekking tot die kwalifikasies en benoeming van beoordelaars van die ras as wat nodig geag mag word: Met dien verstande dat geen persoon as beoordelaar van die ras aangestel sal word alvorens hy aan sodanige vereistes as wat deur die Raad bepaal mag word, voldoen nie. Verder om van tyd tot tyd die paneel van beoordelaars in heroorweging te neem, en om daaruit sodanige name te verwyder as wat nodig geag mag word;

11.9 'n sisteem van beoordeling en keuring ten opsigte van inspeksie van diere in te stel en om reëls, voorwaardes, en terme aangaande sodanige inspeksies, en met betrekking tot keuring te formuleer: Met dien verstande dat wanneer die Raad enige sodanige reëls òf herroep òf op enige ander wyse verander het, sodanige reëls by die eersvolgende algemene vergadering van die Genootskap vir die inligting van sodanige vergadering voorgelê moet word;

11.10 aan enige lid van die Raad of enige amptenaar of werknemer van die Genootskap verlof tot afwesigheid toe te staan vir enige tydperk en op sodanige voorwaardes as wat in elke geval bepaal mag word;

11.11 een of meer lede of amptenare aan te stel met die gesag om namens die Genootskap dokumente te onderteken, stukke en gegewens te ontvang, geregtelike stappe te doen, op te tree, 'n eis in te stel, of gedagvaar te word, sodat die sake van die Genootskap beter en gemakliker uitgevoer en afgehandel kan word;

11.12 sodanige strawwe of boetes op te lê of af te dwing as wat van tyd tot tyd vir lede van die Genootskap bepaal mag word vir die oortreding of skending van die Grondwet, reëls en regulasies van die Genootskap;

11.13 onderhewig aan die bepalinge van Klousule 7 die ledegelde of verpligtinge van lede van tyd tot tyd te wysig of aan te pas en om enige bykomende gelde en verpligtinge voor te skryf soos nodig geag mag word;

11.14 een of meer bankrekenings namens die Genootskap te open en enige wissel, skuldbewys, tjek of ander verhandelbare dokument wat op sake van die Genootskap betrekking het te trek, te aanvaar, te endosseer, aan te gaan of uit te voer;

11.15 geboue, grond, goedere, roerende bates en besittings te koop, te huur, op verband te neem of vir die Genootskap aan te skaf; om roerende goedere of vaste eiendom van die Genootskap te verkoop, te verpand, te verhuur, te vervreem of andersins daarvan ontslae te raak en die vergoeding daaruit verkry op so 'n wyse aan te wend as wat tot die grootste voordeel van die Genootskap gereken mag word;

11.16 enige gelde wat nie vir die onmiddellike behoeftes van die Genootskap nodig is nie te belê of op enige ander wyse te behartig teen sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes soos die Raad mag goedvind en van tyd tot tyd enige sodanige beleggings te verander of te onttrek;

11.17 ondersoek in te stel na geskille wat uit die toepassing van die Grondwet mag ontstaan en om uitsluitsel daaromtrent te gee;

11.18 al die kostes en rekenings met betrekking tot die administrasie en bestuur van die Genootskap te betaal;

11.19 gelde, donasies en ander skulde en fondse in te samel en te ontvang en dit tot voordeel van die Genootskap en/of tot bevordering van die ras aan te wend;

11.20 verkope van diere te organiseer en te bevorder, hetsy deur openbare veilings of uit die hand en om vir hierdie doel afslaers en agente aan te stel;

11.21 vrystelling van die toepassing van enige bepaling van die Grondwet te verleen, of na goeddunke van die Raad versagting in die geval van oortreding toe te staan, ongeag enige bepaling in hierdie Grondwet wat dit weerspreek: Op voorwaarde dat dit deur die Algemene Jaarvergadering goedgekeur is;

11.22 verteenwoordiger/s ooreenkomstig Klousule 16 tot die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging aan te stel en om ‘n persoon of persone te benoem om die Genootskap op enige komitee, liggaam of organisasie te verteenwoordig;

11.23 aansoeke om lidmaatskap te ontvang en te oorweeg en dit na eie oordeel te aanvaar of af te wys; om persone kragtens Klousule 4.2.3 as Ere-Presidente te nomineer en om Spesiale Erelede kragtens Klousule 4.2.4 te verkies;

11.24 reëls en regulasies met betrekking tot die beheer van sake en die uitvoer van die doelstellinge van die Genootskap op te stel, te wysig of op te hef;

11.25 enige skedule wat by die Grondwet aangeheg is, te verander of te wysig soos van tyd tot tyd nodig

geag mag word;

11.26 op sekuriteit van enige eiendom van die Genootskap geld vir die Genootskap te leen;

11.27 ooreenkomstig Klousule 8 die lidmaatskap van enige persoon te beëindig;

11.28 ooreenkomstig Klousule 7.3 te weier om inspeksies, aantekeninge, registrasies en ander werk vir lede te doen indien hulle uitstaande skuld by die Genootskap het;

11.29 ‘n Standaard van Voortreflikheid op te stel en minimum vereistes en ander standaarde neer te lê waarvolgens –

(a) diere deur inspekteurs geïnspekteer word met die oog op aantekening of registrasie; en

(b) onderworpe aan die bepalings van die Wet, aansoeke vir die in- en uitvoer van diere en semen oorweeg word;

11.30 van tyd tot tyd die Standaard van Voortreflikheid te hersien en aanbevelings aan die Algemene Jaarvergadering te maak; en

11.31 in die algemeen alles wat nodig is te doen met die oog op die welvaart van die Genootskap en die hantering van sy sake, altyd op voorwaarde dat enige stappe wat gedoen word of opdragte wat gegee word, nie teenstrydig sal wees met die bepalinge van die Wet en die Grondwet nie.

11.32 MAGTE EN PLIGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

Om die dag tot dag bestuur van die Genootskap te kontroleer.

(a) Rekenings te vereffen
(b) Dringende korrespondensie af te handel
(c) Nuwe lede by die Raad aanbeveel.
(d) Om in dringende gevalle −
  (i) Beoordelaars vir skoue aan te beveel of aan te wys;
  (ii) Beskermhere vir veilings aan te wys;
  (iii) Keurders vir spesiale keurings aan te wys;
  (iv) Afgevaardigdes aan te wys;
  (v) Reiskoste vir bogemelde te magtig en uit te betaal;
  (vi) Nuwe lede aan te neem.
  (vii) Om sertifikate en geboortekennisgewings binne die perke van die Konstitusie reg te stel.
  (viii) Lede vir uitstaande rekenings volgens Konstitusie aan te maan.
  (ix) Gelde te belê.
  (x) Om reklame, promosie en gepaardgaande kostes aan te gaan en te beheer, persone te ko-opteer, soos deur die Raad opgedra, magte te delegeer en take uit te voer.
  (xi) Om alle sake en aangeleenthede m.b.t. die Skedules te behartig en aanbevelings daaromtrent aan die Raad te maak.
  (xii) Om ’n eie notule op te stel en goed te keur. Die notule sal aan Raadslede vir kennisname gesirkuleer word om vir aanname goedgekeur te word.

12. VERGADERINGS

12.1 Vergaderings van die Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee sal telefonies, deur enige elektroniese kommunikasie middel en per epos kommunikeer om die pligte wat deur die Raad aan hom opgedra is, uit te voer. Elektroniese kommunikasie moet op die volgende vergadering genotuleer word.

12.1.1 'n Raadslid mag die President verlof vra om persoonlik enige sake van belang voor die Uitvoerende Komitee te lê: Op voorwaarde dat hy volledig op skrif stel wat die aard van die saak is. Indien die Voorsitter besluit dat die saak van genoegsame belang en dringendheid is, mag hy verlof verleen dat so 'n Raadslid die Uitvoerende Komiteevergadering bywoon om, met toestemming van die Komitee, die vergadering toe

te spreek.

12.1.2 Indien die Voorsitter nie die saak van genoegsame belang ag nie mag hy verlof tot bywoning weier en indien hy so oordeel, toesien dat die aangeleentheid op die agenda geplaas word.

12.2 Raadsvergaderings

12.2.1 Die Raad sal op sodanige tyd en plek vergader as wat van tyd tot tyd deur hom bepaal mag word, of soos wat die President of in sy afwesigheid die Vise-President mag besluit: Op voorwaarde dat minstens vier Raadsvergaderings gedurende elke finansiële jaar gehou sal word. Vergaderings mag deur middel van enige elektroniese kommunikasie middel plaasvind.

12.2.2 'n Spesiale Raadsvergadering –

(a) mag deur die President (of in sy afwesigheid deur die Vise-President) belê word, op sodanige tyd en plek as wat sodanige ampsbekleër mag besluit, of

(b) sal belê word op grond van 'n aansoek onderteken deur nie minder nie as vier Raadslede waarin die redes vir die vergadering gemeld word. Sodanige aansoek moet aan die Sekretaris gerig word.

12.2.3 Skriftelike kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n voorgenome Raadsvergadering moet nie minder nie as 21 dae voor die vergadering sal plaasvind, deur die Sekretaris aan elke lid van die Raad gestuur word.

12.3 Algemene Vergaderings

12.3.1 'n Algemene vergadering van die Genootskap wat bekend staan as die Algemene Jaarvergadering word een keer per jaar gehou op so 'n tyd en plek as wat die Raad mag bepaal, en nie later as twaalf maande na beëindiging van die finansiële jaar nie.

12.3.2 By so 'n Algemene Jaarvergadering sal die Raad sy jaarverslag van die Genootskap voorlê, tesame met 'n behoorlike geouditeerde balansstaat en 'n verslag van die voorafgaande finansiële jaar. ‘n Begroting vir die volgende finansiële jaar sal aan die Vergadering voorghou word vir goedkeuring.

12.3.3 'n Spesiale Algemene Vergadering van die Genootskap mag te eniger tyd belê word deur–

(a) die Raad, of

(b) die President (of in sy afwesigheid die Vise-President) en sal in laasgenoemde geval belê word op grond van 'n skriftelike aansoek daartoe, wat aan die Sekretaris gerig is en wat deur nie minder nie as tien lede wat die vergadering verlang, onderteken is. So 'n aansoek moet die doelstellinge van die vergadering duidelik uiteensit en gedurende sodanige vergadering mag slegs die gemelde sake behandel word.

12.3.4 'n Voorlopige kennisgewing van die tyd, datum en plek van 'n Algemene Jaarvergadering moet minstens 60 dae voor die vergadering deur die Sekretaris aan elke lid gepos of per epos gestuur word. Enige lid wat van plan is om enige voorstel of besprekings-punt by die Algemene Jaarvergadering vir bespreking voor te lê, moet die Sekretaris nie minder nie as 40 dae voor die vergadering, skriftelik daarvan in kennis stel. Geen voorstel of besprekingspunt wat deur enige lid voorgestel is, sal op die agenda van die Algemene Jaarvergadering geplaas word tensy die verlangde kennisgewing nie ooreenkomstig hierdie subklousule gegee is nie. Die Raad behou hom die reg voor om enige besprekingspunt te verwyder wat teen die doelstellings van die Drakensberger Beestelers Genootskap is.

12.3.5 'n Finale kennisgewing van die tyd, datum en plek waarop enige algemene vergadering gehou sal word, tesame met die agenda vir die vergadering, moet minstens 30 dae voor die vergadering aan elke lid van die Genootskap gepos of per epos gestuur word.

12.3.6 Daar sal geen besluit op 'n algemene vergadering geneem word tensy kennis daarvan op die agenda, wat tesame met die kennisgewing van vergadering aan lede gestuur is verskyn nie, of tensy so 'n vergadering met 'n twee-derde meerderheid van stemme, van lede wat teenwoordig en stemgeregtig is, besluit om enige saak wat nie spesifiek op die agenda is nie, te bespreek en daaroor te stem, ongeag die bepaling van Klousule 12.3.4.

12.3.7 Enige algemene vergadering mag verdaag word deur 'n twee-derde meerderheidstem van die lede wat teenwoordig is.

12.3.8 Vir die doel om besluite op 'n Algemene Jaarvergadering geneem, te herroep, word 'n twee-derde meerderheid op 'n algemene vergadering vereis.

12.4 Voorsitter by Vergaderings

Die President beklee die voorsitterstoel by alle vergaderings en indien hy afwesig is beklee die Vise-President of ‘n Ere-President, in hierdie volgorde, die amp. Indien daar nie een van hierdie ampsdraers by 'n vergadering teenwoordig is nie, mag die lede wat teenwoordig is 'n ander lid verkies om by sodanige vergadering die voorsitterstoel te beklee en enige persoon wat op so 'n manier verkies is, sal met betrekking tot daardie vergadering oor die mag beskik om al die pligte van die President uit te voer.

12.5 Neem van Besluite

Alle sake wat voor enige vergadering gelê word moet besleg word deur die meerderheid van stemme van die lede wat by die vergadering teenwoordig is en stemgeregtig is, tensy andersins voorsien. In die geval van 'n staking van stemme sal die persoon wat by daardie vergadering die voorsitterstoel inneem 'n beslissende stem naas sy gewone stem hê.

12.6 Metode van Stemming

Onderworpe aan die bepalinge van Klousule 10.2 sal stemming by alle vergaderings met die opsteek van hande geskied, tensy enige teenwoordige lid stemming per briefie verlang in welke geval stemming per geslote stembriefies of per elektroniese stemming sal geskied.

12.7 Ongeldigheid van Besluite

Geen saak wat behoorlik en konstitusioneel op enige vergadering afgehandel is, kan ongeldig verklaar word slegs weens die feit dat enige lid geen kennisgewing kragtens die vereistes van die Grondwet ontvang het nie.

12.8 Kworums

12.8.1 Tien van die lede van die Genootskap wat persoonlik teenwoordig is by die aanvang van enige algemene vergadering sal 'n kworum vorm vir so 'n vergadering.

12.8.2 Vier Raadslede wat persoonlik teenwoordig is by enige Raadsvergadering en wat stemgeregtig is sal 'n kworum vorm vir so 'n Raadsvergadering.

12.8.3 Twee lede wat persoonlik teenwoordig is by enige Uitvoerende Komitee-vergadering sal 'n kworum vorm vir sodanige Uitvoerende Komiteevergadering.

12.8.4 Indien daar by enige vergadering nie 'n kworum teenwoordig is nie kan die vergadering verdaag tot 'n tyd (nie minder nie as sewe dae daarna) en plek wat deur die lede persoonlik teenwoordig bepaal word. Op so 'n uitgestelde vergadering vorm die teenwoordige lede wel 'n kworum: Met dien verstande dat enige vergadering waar daar geen kworum is nie, maar waar die President of Vise-President of ‘n Ere-President teenwoordig is, vir 'n halfuur verdaag moet word waarna die lede wat dan teenwoordig is, 'n kworum vorm vir die afhandeling van sodanige sake (behalwe konstitusionele wysigings) as wat die lid wat die voorsitterstoel beklee dringend mag verklaar. Sodanige verdaging vir 'n halfuur sal nie tot nadeel van die regte van die vergadering wees nie om, nadat aandag aan die noodsaaklike aangeleenthede gegee is, te verdaag tot 'n tyd en plek soos hierin bepaal.

13. NOTULES VAN VERGADERINGS

13.1 'n Afskrif van die notule van alle algemene vergaderings sal voorsien word aan elke lid van die Genootskap.

13.2 Afskrifte van die notules van Raadsvergadering en Subkomiteevergaderings sal aan alle Raadslede voorsien word.

13.3 Die notule van alle vergaderings geteken deur die President of 'n persoon wie die voorsitterstoel beklee gedurende die daaropvolgende vergadering, sal bewys wees daarvan dat alle verrigtinge behoorlik geskied het en dat alle verkiesings, aanstellings en besluite aanvaar gedurende sodanige vergadering, bindend en van krag is.

14. FINANSIËLE BEPALINGS

14.1 Die Raad sal een of meer bankrekenings namens die Genootskap open, waarin alle gelde wat die Genootskap ookal mag ontvang, gedeponeer moet word.

14.2 Alle betalings uit die fondse van die Genootskap word Elektronies gedoen deur 'n persoon wat deur die Raad daartoe aangestel is, en goedgekeur deur sodanige persoon of persone as wat deur die Raad daartoe gemagtig is, ooreenkomstig Klousule 11.11: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die Raad sal verhoed om 'n kleinkasfonds in stand te hou en te beheer nie.

14.3 Die Genootskap moet behoorlike rekeningboeke hou wat van tyd tot tyd maar nie minder nie as een keer per jaar deur 'n gekwalifiseerde ouditeur wat deur die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap daartoe aangestel is, geouditeer word en 'n behoorlik geouditeerde balansstaat en verslag van die finansies van die Genootskap soos op 30 Junie van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het, soos uiteengesit in Klousule 12.3.2, moet aan die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap voorgelê word. ‘n Behoorlike geouditeerde balansstaat en verslag van die finansies van die Genootskap soos op 30 Junie van die finansiële jaar waarop die verslag betrekking het, moet binne ses maande na 30 Junie aan die Raad voorgelê word. ‘n Begroting moet vir die nuwe finansiële jaar opgestel en aan die Raad voorgelê word tydens die eerste Raadsvergadering in die nuwe finansiële jaar.

14.4 Die inkomste en besittings van die Genootskap, uit watter bron ookal ontvang, sal enkel en alleen aangewend word ter bevordering van die doelstellinge van die Genootskap en geen deel daarvan sal direk of indirek as dividend of bonus of andersins betaal of oorgedra word aan enige persone wat te eniger tyd lede van die Genootskap is of was nie: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is die betaling in goeder trou aan enige werknemer of ander persoon vir dienste wat aan die Genootskap gelewer is, kan verhoed nie.

14.5 Die finansiele jaar van die Genootskap neem ‘n aanvang op 1 Julie van elke jaar en sluit op 30 Junie van die daaropvolgende jaar.

15. LIDMAATSKAP VAN DIE VERENIGING EN AFFILIASIE

Die Genootskap sal, onderworpe aan die bepalings van die Wet, lidmaatskap van die Vereniging in stand hou op die voorwaardes soos in die Grondwet van die Vereniging bepaal word. Verder kan die Genootskap ook met enige vereniging, genootskap of organisasie waarvan die doelstellinge met dié van die Genootskap ooreenstem affilieer of inkorporeer op voorwaarde dat so 'n besluit goedgekeur word deur minstens twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat by enige Algemene Vergadering van die Genootskap persoonlik teenwoordig is en stem.

16. VERKIESING VAN VERTEENWOORDIGER/S TOT DIE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN DIE VERENIGING

Ooreenkomstig Klousule 11.22 moet die Raad 'n verteenwoordiger of verteenwoordigers tot die Algemene

Jaarvergadering van die Vereniging uit die geledere van die Gewone Lede of Ere-Presidente verkies.

17. GRONDWETLIKE WYSIGINGS

17.1 Byvoegings tot, of wysigings of veranderings van die Grondwet mag slegs aangebring word deur 'n meerder-heidsbesluit van nie minder nie as twee-derdes van die lede wat by 'n Algemene Vergadering van die Genootskap teenwoordig en stemgeregtig is en stem. Ook moet van die voorgestelde wysigings of byvoegings van die Grondwet asook van die vergadering skriftelik kennis gegee word aan elke lid van die Genootskap nie minder nie as 30 dae voor die vergadering.

17.2 Sodanige byvoeging tot, of wysiging van die Grondwet wat goedgekeur is soos in Klousule 17.1 hiervan beskryf, moet binne 30 dae nadat die wysiging aangebring is aan die Vereniging en aan die Kommissaris van die Suid Afrikaanse Inkomste diens voorgelê word en dit sal 90 dae nadat dit aldus voorgelê is, in werking tree: Met dien verstande dat indien die Vereniging of Kommissaris van mening is dat die byvoeging en wysiging onbestaanbaar is met die bepalinge van die Wet en die Grondwet van die Vereniging asook die Inkomstebelastingwet met betrekking tot Arikel 1-(1)(e) daarvan, sal die Genootskap daarvan in kennis gestel word wanneer sodanige byvoeging en wysiging van nul en gener waarde sal word.

18. KANTOOR VAN DIE GENOOTSKAP

Die kantoor van die Genootskap sal op 'n plek wees soos wat die Raad mag bepaal.

19. ONTBINDING VAN DIE GENOOTSKAP

Indien daar na die beëindiging of ontbinding van die Genootskap, en nadat al die skulde en verpligtinge nagekom is, enige eiendom oorbly, sal sodanige eiendom nie onder die lede van die Genootskap verdeel word of aan hulle uitbetaal word nie maar geskenk of oorgedra word aan sodanige ander instellings, waarvan die doelstellings ooreenstem met dié van die Genootskap, soos deur die meerderheid op ‘n Algemene Vergadering van die Genootskap besluit is.

20. VRYWARING

Lede van die Genootskap en die Raad wat betrokke is by Genootskapswerksaamhede op instruksie van die Raad, is en word hiermee vrygestel van enige eise, verliese of uitgawes voortspruitend uit sodanige werksaamhede: Op voorwaarde dat hulle *bona fide* opgetree het en nie skuldig was aan pligsversuim of oneerlikheid nie.

21. OORDRAG VAN BEVOEGDHEDE

Ondanks enige bepalinge in die Grondwet strydig hiermee, mag enige lid of geregistreerde teler deur 'n volmag prokurasie, behoorlik uitgereik en deur die Sekretaris geliasseer, 'n ander persoon volmag gee om namens hom geboortekennisgewings, aansoekvorms om aantekening, registrasie of oordrag, oordrag-sertifikate, dekkingsertifikate, opgawes of verslae of enige ander dokument met betrekking tot die administrasie van 'n kudde te onderteken en enige sodanige handtekening deur so 'n ten volle gemagtigde persoon sal deur die Genootskap as net so geldig en bindend aanvaar word asof dit die lid se eie handtekening is: Op voorwaarde dat niks wat hierin vervat is, so 'n gevolmagtigde persoon daartoe in staat sal stel om op enige moontlike manier deel te neem aan die nominering van, of die stemming vir enige raadslid of oor enige aangeleentheid waaroor sy prinsipaal stemreg het of om enige vergadering namens sy prinsipaal by te woon nie.

22. NIE-LEDE

Sodanige voordele van lidmaatskap as wat die Raad mag bepaal, mag aan nie-lede verleen word: Met dien verstande dat geen wetlike of ander verpligting op die Genootskap sal rus ten opsigte van sodanige nie-lede nie en op verdere voorwaarde dat alle gelde met betrekking tot enige dienste wat deur die Genootskap aan nie-lede gelewer word, sal wees soos in Skedule A uiteengesit. Sodanige gelde sal vooruitbetaalbaar wees.

23. OUTENTIEKE LESING VAN HIERDIE GRONDWET

Aangesien hierdie Grondwet en die bygaande Verordeninge in Afrikaans opgestel, ingedien en oorweeg is,

word die Afrikaanse weergawe as outentiek beskou.

VERORDENINGE

1. KUDDEBOEK

1.1 Algemeen

1.1.1 Die Genootskap sal toesien dat die Vereniging rekord hou van alle geregistreerde Drakensbergers en dat die Kuddeboek, wat bekend sal staan as die Drakensberger-kuddeboek, sal bestaan uit:

(a) Hulpstamboekafdeling, en
(b) Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek
(c) Fondasie Afdeling

1.1.2 Lede handel direk met die Vereniging.

1.2 Hulpstamboek Afdeling

1.2.1 Hulpstamboek A

Enige dier wat:

(i) uit ‘n kudde kom waarvan die teler ‘n bevredigende verslag van afstamming aan die Raad kan verstrek en wat aan die minimum rasstandaard voldoen, sal vir registrasie in die Hulpstamboek A Afdeling van die Kuddeboek in aanmerking kom op voorwaarde dat hy/sy voldoen aan die Standaard van Voortreflikheid.

1.2.2 Hulpstamboek B

Die nageslag verwek deur ‘n Hulpstamboek A vroulike dier en ‘n Hulpstamboek A, B of SP bul wat reeds goedgekeur is en wat aan die minimum ras- en produksiestandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie voldoen, sal in aanmerking kom vir registrasie in die Hulpstamboek B Afdeling van die Kuddeboek.

1.2.3 Veelvuldige Paring

Die nageslag verwek deur veelvuldige vaderparings uit Hulpstamboek A of Hulpstamboek B en SP vroulike diere en geregistreerde manlike diere, sal in aanmerking kom vir registrasie in die Hulpstamboek B of SP afdeling van die Kuddeboek mits DNS-tipering gedoen is om vaderskap te bewys.

1.2.4 Fondasie Afdeling

Alle nageslag uit veelvuldige vaderparings word in die Fondasie Afdeling aangeteken. Sodra die vaderskappe deur middel van DNS bepaal is sal die diere in die regte afdelings van die kuddeboek opgeneem word.

Enige ander dier kan in die Fondasie Afdeling, met toestemming van die Raad, opgeneem word en die dier mag aan ‘n groeitoets deelneem. Na die groeitoets en suksesvolle keuring word die diere in die Hulpstamboek A afdeling opgeneem.

Diere moet voor 3-jarige ouderdom gekeur word. Alle afgekeurde diere en diere ouer as drie jaar, sal na die jaarlikse keuringstoere uit die Fondasie Afdeling verwyder word.

Jaarlikse fooie sal gehef word op diere in die Fondasie Afdeling bo die ouderdom van 12 maande.

Ongeregistreede moeders met baie nageslag kan as koppel-moeders in die Fondasie Afdeling opgeneem word.

1.3 Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek (SP)

Vir hierdie Afdeling van die Kuddeboek kom die volgende diere, indien hulle voldoen aan die minimum ras- en produksiestandaarde en aan al die ander vereistes ten opsigte van registrasie, in aanmerking vir registrasie−

(a) Alle nageslag van Hulpstamboek B bulle of SP bulle en SP koeie of Hulpstamboek B koeie.

(b) Alle nageslag van Volgeregistreerde diere.

1.4 Poenskop en Onthoringde Diere

1.4.1 Onthoorning

Onderhewig aan Skedule C is die onthoorning van bul- en verskalwers toelaatbaar en sal nie as ‘n diskwalifikasie beskou word nie.

1.4.2 Natuurlike Poenskopdiere

(a) In hierdie verordening beteken “poenskop” ‘n natuurlike poenskopdier wat geen tekens van horinggroei toon nie, of ‘n dier met aangebore los horingkies. Vir die doel van hierdie verordening beteken los horingkies onontwikkelde horinggroei wat op ‘n hoër ouderdom aan die skedel vasgeheg, of nie vasgeheg mag raak.

(b) Diere wat by inspeksie deur ‘n inspekteur as poenskop geklassifiseer word sal by aantekening of registrasie die letter P in die Kuddeboek ontvang wat na die dier se naam op die sertifikaat aangebring sal word.

(c) Diere sal slegs as poenskop geregistreer word indien die genetiese bevestiging beskikbaar is. Die “celtic” geen moet bevestig wees en die aanwesigheid van heterosigoot of homosigoot moet op die resultate aangedui wees.

(d) Indien kalwers van ‘n homosigotiese poenskopbul vir keuring voorgebring en aanvaar word, moet die vaderskap van die kalf van die betrokke bul bevestig wees. Indien die koei die draer van die “celtic geen is, moet die moederskap geneties deur ‘n geakkrediteerde laboratorium wat deur die Genootskap aanvaar word, bevestig wees.

2. VOORVOEGSEL EN KENMERKLETTERS

2.1 Diere sal nie vir aantekening of registrasie aanvaar word nie tensy die teler voor die tyd deur die Vereniging vir sy uitsluitlike gebruik 'n voorvoegsel op die Intergis registreer waardeur al die diere wat deur hom geteel is en aangeteken of geregistreer word, onderskei sal word.

2.2 Aansoek om registrasie van sodanige voorvoegsel deur die Genootskap word by die Vereniging gedoen en moet vergesel gaan van sodanige registrasiegelde as wat van tyd tot tyd voorgeskryf mag word.

2.3 Die oordrag van 'n voorvoegsel van een teler na 'n ander sal nie toegelaat word nie, behalwe onder sodanige omstandighede en aan sodanige persone as waarvoor in die algemene verordeninge van die Grondwet van die Vereniging voorsiening gemaak word.

3. IDENTIFIKASIE

3.1 Die Genootskap se amptelike stelsel van permanente identifikasie van diere wat vir aantekening of registrasie in die Kuddeboek in aanmerking kom, is oorkode en brandmerke.

3.2 Alle kalwers wat lewend gebore is en nie binne sewe dae na geboorte vernietig is nie, moet binne sewe dae na die datum van geboorte deur die teler gekode-merk word.

3.3 Wanneer kodemerke eenmaal aan ‘n dier aangebring is, selfs as dit foutief, vaag, defektief of onleesbaar is, mag dit onder geen omstandighede reggemaak, verbeter, verander of gewysig word tensy die Sekretaris vooraf skriftelik daartoe toestemming gee nie.

3.4 Indien 'n teler met die identifikasie van 'n kalf 'n fout begaan, of wanneer die oormerk vaag of onleesbaar word, moet die eienaar van die dier die Sekretaris skriftelik daarvan in kennis stel en die dier sal dan weer gemerk word in die teenwoordigheid van 'n inspekteur wat deur die Raad daartoe aangestel is nadat sodanige inspekteur oortuig is van die ware identiteit van die dier.

VOORBEELD:



3.5 Behalwe vir die verpligte brand van diere soos bepaal deur wetgewing of die brand van diere geregistreer in die Volgeregistreerde Afdeling van die Kuddeboek met die geregistreerde brandmerk van die Vereniging en van die eienaar, mag daar geen byvoeging van enige ander kode- of brandmerk van watter aard ookal in die ore of aan die liggaam van diere deur die teler of eienaar daarvan of deur sy agent aangebring word nie en word dit ten strengste verbied. Diere wat sulke merke dra, mag blootgestel word aan diskwalifikasie.

3.6 Geen dier mag verkoop of oorgedra word indien dit nie duidelik geïdentifiseer is nie.

3.7 Kenmerkende Kudde Brandmerke

Elke teler moet aansoek doen om die registrasie van ‘n kudde identifikasie brandmerk wat by die Vereniging geregistreer sal word vir sy uitsluitlike gebruik vir die brandmerk van sy beeste, en aangebring sal word voor 12 maande ouderdom indien hy die diere sou verkoop, sowel as die jaartal en volgnommer, indien hy laasgenoemde sou verkies, op sodanige plek op die dier soos deur die Raad bepaal en wat hy op die geboortekennisgewingaansoek moet aandui. Alle diere wat vir inspeksie voorgebring en goedgekeur word, sal met keuring gebrand word met die jaartal en die volgnommer wat met die oorkodenommer ooreenstem indien nog nie aangebring nie, met dien verstande dat in gevalle waar verwarring mag ontstaan, sodanige diere gebrand mag word met die nommer wat volg op die laaste brandnommer van die vorige jaar. Die KKM moet reeds gebrand wees voor inspeksie.

4. NAME

4.1 Geen dier sal in aanmerking kom vir inskrywing in die Kuddeboek nie tensy dit duidelik gemerk en uitdruklik van 'n naam of nommer voorsien is. Die Raad het die reg om enige aansoek ten opsigte van 'n dier wat na sy oordeel nie duidelik gemerk is nie, of 'n misleidende naam het, te weier.

4.2 Geen naam, uitsluitend die voorvoegsel, mag uit meer as twee woorde bestaan nie en sal nie 20 spasies oorskry nie.

4.3 Indien die naam van 'n dier eers geregistreer is, kan dit daarna nie weer gewysig of verander word nie, tensy die naam 'n ooglopende fout openbaar, in welke geval die naam dan net op so 'n manier verander sal word as wat nodig is om die fout reg te stel.

5. KENNISGEWING VAN GEBOORTES

5.1 Die teler van 'n kalf van 'n aangetekende of geregistreerde koei, of 'n koei wat vir aantekening of registrasie in aanmerking kom, moet die Vereniging van die geboorte van die kalf in kennis stel, ongeag of so 'n kalf lewend of dood gebore is, raseg of 'n kruising is, of vir aantekening of registrasie onderskeidelik behou word, al dan nie.

5.2 Alle geboortekennisgewings moet –

(a) op die voorgeskrewe geboortekennisgewingvorm geskied (Skedule B);

(b) in alle opsigte behoorlik voltooi en deur die teler van die kalf of sy gevolmagtigde verteenwoordiger onderteken wees; en

(c) nie later nie as 120 dae na die geboortedatum van die betrokke kalf deur die Vereniging ontvang word.

(d) Elektroniese inskrywings deur Logix of Plaas sagteware is toelaatbaar.

5.3 Ongeag Verordening 5.2 kan die Raad 'n geboortekennisgewing aanvaar wat die Vereniging meer as 120 dae na die geboorte van die kalf bereik: Met dien verstande dat die kennisgewing verder in orde is. Die Raad sal volgens eie mening besluit of omstandighede as uitsonderlik genoeg beskou kan word ter verskoning van ‘n kennisgewing wat die Vereniging later as 120 dae, maar binne ses maande na die geboortedatum, bereik. By die aanvaarding van so ‘n kennisgewing mag die Raad ‘n boete oplê wat van tyd tot tyd deur die Raad daarvoor voorgeskryf word. Die Raad mag ook, volgens eie mening, in die mees uitsonderlike gevalle ‘n kennisgewing van geboorte wat later as ses maande na die geboortedatum ingedien word, oorweeg en vir aanvaarding deur die Vereniging aanbeveel. DNS as bewys van ouerskap, sal as ‘n voorvereiste gestel word.

5.4 In die geval van veelvoudige geboortes moet die teler benewens die gegewens wat gewoonlik verlang word ook op die geboortekennisgewingvorm van elke kalf die naam, oormerke en geslag van die ander kalf of kalwers aandui.

5.5 By ontvangs van 'n geldige geboortekennisgewing van 'n lewendige kalf wat −

(a) uit ‘n aangetekende of geregistreerde vroulike dier of vroulike dier geskik vir aantekening of registrasie gebore is;

(b) geregtig is op aantekening of registrasie; en

(c) nie tot niet gemaak word nie, moet die Vereniging of Genootskap die geboorte kennisgewing nagaan en die besonderhede in die Kalfboek aanteken en ’n lys van geboortes aan die teler uitreik.

5.6 Die Raad sal toesien dat daar namens elke teler rekords gehou word van alle geboortes van kalwers (hetsy lewendig of doodgebore) waarvan die teler die Vereniging behoorlik in kennis gestel het en ook van sodanige ander besonderhede as wat nodig geag mag word.

5.7 Diere ten opsigte waarvan geboortekennisgewings ontvang en in orde gevind is, word deur die Vereniging in die Kudderegister ingeskryf en sal daarin bly totdat dit aanvaar word vir registrasie, of afgekeur of gekanselleer word.

5.8 Die geboortekennisgewing sal die volgende verklaring bevat −
"Ek verklaar dat die afstamming, telingsbesonderhede en identifikasiemerke van die dier/diere wat hierin beskryf is juis is en dat aan al die vereistes van die Grondwet en die Wet met betrekking tot geboortekennisgewings voldoen is."

5.9 Geen geboortekennisgewing/aansoek om registrasie van 'n dier wat in utero ingevoer is, sal deur die Raad aanbeveel word nie, tensy die moeder deur die Vereniging aangeteken of geregistreer is en tensy die aansoek vergesel gaan van -

(a) 'n dekkingsertifikaat geëndosseer deur die rasgenootskap in die land van oorsprong of deur 'n insgelyks geëndosseerde insemineringsertifikaat (afhangende daarvan of die bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering veroorsaak is); en

(b) bewys dat die ouers voldoen aan die vereistes soos deur die Raad van tyd tot tyd bepaal.

5.10 Indien daar enige foute of navrae is, moet die teler dit onverwyld ondersoek en die Vereniging van ‘n antwoord voorsien.

5.11 Kalwers moet binne sewe dae van geboorte gemerk word.

6. DEKKING- EN INSEMINERINGSERTIFIKATE EN DIE GESAMENTLIKE BESIT VAN BULLE

6.1 Dekking- of Insemineringsertifikate

6.1.1 Indien dragtige vroulike diere verkoop word moet die verkoper 'n dekking-/ insemineringsertifikaat aan die koper voorsien (afhangende of bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering teweeggebring is). Op sodanige sertifikaat moet die naam en aantekening- of registrasienommer van die manlike dier, die naam en aantekening- of registrasienommer van die betrokke vroulike dier, asook die datum van dekking of inseminering aangedui word.

6.1.2 Ingeval die presiese datum van dekking nie bekend is nie, moet die tydperk wat die betrokke vroulike en manlike diere saamgeloop het op die dekkingsertifikaat aangedui word en verder moet gesertifiseer word dat die betrokke vroulike dier nie gedurende daardie tydperk deur enige ander manlike dier gedek kon gewees het nie.

6.2 Gesamentlike besit van manlike diere

6.2.1 Wanneer 'n manlike dier oorgedra word aan gesamentlike eienaars, moet die volle naam en adres van elke mede-eienaar by die Genootskap op rekord wees.

6.2.2 Indien 'n vroulike dier wat nie die eiendom van een van die mede-eienaars van ‘n manlike dier is nie, deur die betrokke manlike dier gedek is, moet 'n dekkingsertifikaat ooreenkomstig Verordening 6.1 verskaf word, wat deur ten minste een van die mede-eienaars geteken is.

6.2.3 Die mede-eienaars en gebruikers van 'n manlike dier is onderworpe aan die bepalinge van die Wet. In die geval van enige kalf wat verwek is uit semen van ‘n bul in besit van ‘n ander eienaar, moet die eienaar van sodanige bul by die Raad aansoek doen om die bul as ‘n KI bul te laat goedkeur. Die Vereniging moet van sodanige besluit in kennis gestel word.

7. DRAGTIGHEIDSPERIODE

7.1 Die dragtigheidsperiode wat ten opsigte van diere aanvaar word, is 289 dae. Die minimum aanvaarbare dragtigheidperiode is 268 dae en die maksimum 310 dae. Geen dragtigheidsperiode buite hierdie tydsbestek sal sonder spesiale goedkeuring van die Raad aanvaar word nie, tensy ouerskap deur ‘n DNS bevestig word.

7.2 Die minimum aanvaarbare periode tussen twee kalwers wat agtereenvolgend uit dieselfde koei gebore word, is 289 dae.

8. VEREISTES TEN OPSIGTE VAN AANTEKENING OF REGISTRASIE

8.1 Algemeen

8.1.1 ‘n Minimum standaard gegrond op inspeksies en gemete produksie is ‘n vereiste vir aantekening of registrasie en behalwe deur spesiale goedkeuring van die Raad sal geen dier onder die ouderdom van 12 maande aangeteken of geregistreer word nie. In die geval van ‘n intensiewe groeitoets mag die kalf vanaf 10 maande ouderdom geregistreer word.

8.1.2 Geen dier sal vir aantekening of registrasie oorweeg word nie, tensy sy vader en sy moeder onderskeidelik ouer as agt en vyf maande was met dekking.

8.1.3 Geen vroulike dier uit 'n veelvoudige geboorte van beide geslagte sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom tensy haar vermoë om te teel deur kalwing of 'n DNS-analise bevestig is nie.

8.1.4 Geen dier wat nie voldoen aan die minimum rasstandaard soos in Skedule C neergelê is, sal vir aantekening of registrasie aanvaar word nie; ten opsige van Produksie Meting kan op meriete toegepas word.

8.1.5 Indien daar twyfel bestaan oor die besonderhede wat op die geboortekennisgewingvorm en meegaande dekkingsertifikaat (Verordening 6) van 'n dier verskyn, mag die dier na oordeel van die Raad van aantekening of registrasie uitgesluit word.

8.1.6 Alle Stoetvaars moet DNS getipeer wees

8.2 Ingevoerde Diere

8.2.1 Geen dier wat na Suid-Afrika ingevoer word sal geskik vir aantekening of registrasie wees nie tensy die aansoek vir aantekening of registrasie vergesel word van –

(a) 'n sertifikaat van aantekening of registrasie of uitvoer uitgereik deur 'n bevoegde gesag in die land van herkoms, wat vir dié doel deur die Vereniging erken is; en

(b) 'n bewys tot dien effekte dat die betrokke dier aan die minimum vereistes soos van tyd tot tyd bepaal, voldoen.

8.2.2 Op alle ingevoerde diere waarvoor 'n aansoek vir aantekening of registrasie ingedien word, moet onuitwisbare identifikasiemerke wees, soos op die aantekening- of registrasie-sertifikaat en/of uitvoersertifikaat voorkom en wat tot bevrediging van die Genootskap en die Vereniging is. Waar geen uitkenningsmerke voorkom nie, moet bewys van identiteit tot bevrediging van die Genootskap en die Vereniging gelewer word.

8.2.3 Elke aansoek om aantekening of registrasie van 'n ingevoerde dier moet vergesel wees van 'n verklaring van die aansoeker met die strekking dat –

(a) die aansoeker die *bona fide* invoerder van die betrokke dier is;

(b) 'n permanente identifikasiemerk soos op die aantekening- of registrasiesertifikaat/ uitvoersertifikaat aangedui, op die dier voorkom;

(c) die dier verkoop was en uit die besit van die verkoper was op die datum soos aangedui en dat die dier na Suid-Afrika verskeep en/of vervoer was op die datum soos aangedui;

(d) die dier op die datum soos aangedui op die plaas aangekom het.

8.2.4 Suid-Afrikaanse registrasiesertifikate sal deur die Vereniging uitgereik word ten opsigte van alle ingevoerde diere.

8.3 Ingevoerde Semen en Eiselle

Nageslag verwek deur kunsmatige inseminering in ooreenstemming met die vereistes van die Grondwet en die Wet uit aangetekende of geregistreerde vroulike diere of vroulike diere wat vir aantekening of registrasie geskik is, met ingevoerde semen sal geskik wees vir aantekening of registrasie mits 'n aanvaarbare uitgebreide twee-generasiestamboom en 'n DNS-sertifikaat van die semenskenker aan die Genootskap en die Vereniging voorgelê word.

8.4 Invoermagtigings

8.4.1 Ingevolge die bepalinge van die Wet sal die Registrateur geen magtiging verleen vir die invoer van 'n dier, semen of eiselle nie, tensy –

(a) daarvoor aansoek gedoen is op die voorgeskrewe wyse en in sodanige vorm as wat die Registrateur mag bepaal;

(b) die aansoek vergesel gaan van sodanige dokumente as wat voorgeskryf of deur die Registrateur bepaal is;

(c) die voorgeskrewe gelde op die voorgeskrewe wyse betaal is; en

(d) dit deur die Raad en die Vereniging aanbeveel is.

8.4.2 Geen sodanige magtiging vir invoer sal deur die Raad aanbeveel word nie, tensy die standaard van die betrokke dier of dié van die skenker van die betrokke semen of eiselle - (in die geval van 'n

embrio, ook die skenker van die semen wat die eisel bevrug het waaruit die genoemde embrio ontstaan het) aan die vereistes vir aantekening of registrasie van 'n ingevoerde dier voldoen: Met dien verstande dat sodanige gegewens gesertifiseer is deur 'n goedgekeurde liggaam in die land van herkoms.

8.4.3 Aansoeke vir die aantekening of registrasie van ingevoerde diere of die aantekening of registrasie van diere wat verwek is uit ingevoerde semen of eiselle sal vergesel gaan van −

(a) outentieke uitvoersertifikate wat deur sodanige stamboekklubs in die land van herkoms uitgereik is soos van tyd tot tyd deur die Genootskap en die Vereniging goedgekeur; en

(b) die DNS-sertifikate van elk van die skenkers waarna in Verordening 8.4.2 verwys is en van die manlike dier waarna in Verordening 8.4.4 verwys is, soos die geval mag wees.

8.4.4 Die betrokke uitvoersertifikaat sal die volledige besonderhede van teling, ouderdom en identifisering aandui van die ingevoerde dier, sowel as die nodige inligting met betrekking tot die oordrag daarvan van die teler en/of eienaar daarvan na die naam van die persoon namens wie aantekening of registrasie verlang word. In die geval van 'n vroulike dier wat voor uitvoer gedek is, sal dit vergesel gaan van 'n dekkingsertifikaat wat deur die eienaar (of sy behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger) onderteken is. Volle besonderhede van die manlike dier wat die vroulike dier gedek het en wat in ‘n Kuddeboek wat deur Genootskap en die Vereniging goedgekeur is, aangeteken of geregistreer moet wees, moet ook verskaf word. In die geval van 'n vroulike dier wat voor uitvoer geïnsemineer is, sal die uitvoersertifikaat vergesel gaan van 'n kunsmatige insemineringsertifikaat wat deur die insemineerder en die eienaar (of sy behoorlik gevolmagtigde verteenwoordiger) onderteken is: Met dien verstande dat die semenskenker in 'n Kuddeboek, wat deur die Genootskap en die Vereniging goedgekeur is, aangeteken of geregistreer moet wees.

8.4.5 In die geval van 'n dier wat verwek is deur −

(a) ingevoerde semen; of

(b) 'n ingevoerde eisel,

sal die betrokke uitvoersertifikaat onderskeidelik die volledige besonderhede van teling, ouderdom en identifikasie van die skenker van die semen of eisel en van die teler en/of eienaar van die betrokke skenker aandui.

8.4.6 Aansoek vir inspeksie en aantekening of registrasie van ‘n ingevoerde dier moet binne 90 dae na aankoms in Suid-Afrika gedoen word.

8.4.7 Diere wat vir uitvoer bestem is, is onderhewig aan inspeksie en goedkeuring deur die Genootskap se keurders.

9. INSPEKSIES EN PRODUKSIEVEREISTES

9.1 Minimum Standaard

Minimum ras- en produksiestandaarde, as voorvereistes vir aantekening of registrasie, sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word.

9.2 Groeistimulante

Geen dier wat met hormonale groeistimulante behandel is, sal vir aantekening of registrasie aanvaar word nie. Sodanige praktyke sal ten nadele van die belange van die Genootskap beskou word.

9.3 Inspeksies en Pligte van die Inspekteur/s

9.3.1 Die Raad sal 'n inspekteur/s aanstel om alle diere wat aangeteken of geregistreer moet word, te keur. Indien moontlik, sal alle telers wat diere vir inspeksie wil aanbied, ten minste een keer per jaar besoek word.

9.3.2 'n Inspekteur sal elke dier wat vir aantekening of registrasie in aanmerking kom, keur nadat die geboortekennisgewingsbewys en voltooide inspeksievorm van die betrokke dier aan hom voorgelê is. Hy moet homself vergewis dat die vereiste besonderhede van die dier reg aangegee is en

ooreenstem met die dier wat vir inspeksie aangebied word. Enige verskil of teenstrydigheid kan so 'n dier diskwalifiseer vir aantekening of registrasie in die Kuddeboek en sal verslag van gegee word aan die Raad. Verder moet hy tot eie bevrediging seker maak dat die dier in alle opsigte voldoen aan die Standaard van Voortreflikheid soos in Skedule C neergelê is. Die Inspekteur moet self die inspeksievorm tydens inspeksie hanteer en nie die teler nie.

9.3.3 Dit is verpligtend dat alle telers tydens die besoek van die inspekteur alle bulle en verse wat nog nie gekeur is nie en bo die ouderdom van 24 maande is, voor die inspekteur bring vir keuring, asook alle koeie wat nie geregistreer is nie en bo die ouderdom van een jaar, maar onder drie jaar is.

Dit is ‘n voorvereiste van lidmaatskap van die Genootskap, soos in Skedule G uiteengesit, dat alle manlike diere wat finaal afgekeur is na die toelaatbare inspeksies wat volgens die oordeel van die inspekteur uitgevoer is, soos hierin uiteengesit, geslag moet word.

9.3.4 Enige teler wat nie met 'n inspekteur se beslissing tevrede is nie, mag binne drie weke na die inspeksie appèl aanteken by die Sekretaris. Sodanige appèl moet van 'n deposito, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, vergesel gaan. 'n Appèlraad wat deur die Raad van die Genootskap aangewys word, sal dan die betrokke dier/e inspekteer. Indien die appèl slaag, sal die deposito terugbetaal word. Indien nié, verbeur die appellant sy deposito. Die appellant is verder verantwoordelik vir die reis- en verblyfkostes van die Appèlraad.

9.3.5 Telers sal vroegtydig van die tyd en datum van die inspekteur se voorgenome besoek in kennis gestel word.

9.3.6 Spesiale inspeksies kan slegs met toestemming van die Raad plaasvind indien die aansoeker die reis- en ander kostes van die inspekteur betaal en ‘n inspekteur beskikbaar is.

9.3.7 'n Inspekteur mag beeste van telers klassifiseer en gradeer teen sodanige tarief as wat die Raad van tyd tot tyd mag vasstel.

9.3.8 'n Inspekteur mag in opdrag van die Raad van tyd tot tyd sonder vooraf waarskuwing 'n algemene inspeksie van enige kudde doen.

9.3.9 'n Inspekteur mag nie tydens inspeksie instruksies of kommissie van telers of nie-lede aanvaar om die koop en verkoop van diere te bewerkstellig nie.

9.3.10 Geen teler mag optree as inspekteur van sy eie diere nie.

10. REËLS MET BETREKKING TOT KUNSMATIGE INSEMINERING (K.I.)

10.1 Diere wat wettiglik deur kunsmatig inseminasie (K.I.) verwek is, sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Wet, asook die vereistes van die Grondwet met betrekking tot aantekening of registrasie *mutatis mutandis* voldoen is.

10.2 Geen geboortekennisgewing van diere wat so verwek is, sal met die oog op registrasie deur die Vereniging aanvaar word nie, tensy dit aangedui is "deur Kunsmatige Inseminasie verwek".

10.3 Die nageslag van alle manlike diere wat goedgekeur is vir die opvang van semen ingevolge die bepalinge van die Wet, sal slegs aanvaar word vir aantekening of registrasie, mits sodanige manlike diere deur die Genootskap aanbeveel was.

10.4 Geen geboortekennisgewing van ‘n kalf deur K.I. verwek sal vir aantekening of registrasie aanvaar word nie, tensy inseminering gedoen is met−

(a) semen van ‘n teler se eie manlike dier of ‘n manlike dier wat aan hom behoort het en waarvan semen opgevang is;

(b) ingevoerde semen, op voorwaarde dat die betrokke teler die semen ingevoer het;

(c) ingevoerde semen wat met magtiging van die Registrateur op sy naam oorgedra is;

(d) semen van ‘n manlike dier wat goedgekeur is vir die opvang van semen ooreenkomstig die bepalinge van die Wet;

(e) semen van ‘n manlike dier waarvan die teler ‘n mede-eienaar van die betrokke manlike dier is; of

(f) semen wat aangekoop is deur ‘n medeteler en opgevang is deur ‘n goedgekeurde organisasie, mits die skenker bul deur die Raad as ‘n KI bul goedgekeur is.

10.5 Geen geboortekennisgewing van ‘n dier deur K.I. verwek, sal deur die Vereniging aanvaar word, indien die moeder te eniger tyd binne 28 dae voor of na sodanige K.I. deur ‘n ander manlike dier gedek is of toegelaat word om by ‘n manlike dier te loop, tensy die vaderskap deur DNS bevestig is nie.

10.6 Ondanks die bepalinge van Verordening 10.5, indien verskillende manlike diere vir die opvang van semen gebruik word vir die kunsmatige inseminering van dieselfde vroulike dier minder as 28 dae uitmekaar, sal geen nageslag wat verwek mag word vir aantekening of registrasie in aanmerking kom nie, ongeag die bepalinge van Verordening 10.1, tensy die vaderskap deur DNS bevestig is.

10.7 Die Genootskap behou die reg om deur middel van sy ampsdraers toesig te hou oor en/of inspeksie uit te voer aangaande die noukeurige aantekening van die toepassing van kunsmatige inseminering deur sy telers.

10.8 Die Genootskap behou die reg om te weier om nageslag wat deur kunsmatige inseminering verwek is, te laat registreer indien enige van die reëls en regulasies wat deur die Genootskap neergelê is, nie ten volle nagekom is nie.

10.9 Telers wat in die Gebied, uitgesluit Suid-Afrika, woon en wat die voorregte van die aantekening of registrasie van diere geniet, mag aansoek doen om die aantekening of registrasie van kunsmatig verwekte nageslag: Met dien verstande dat die semen verkry word van ‘n bron wat deur die Genootskap goedgekeur is; en verder op voorwaarde dat die opvang van die semen, die verwerking, verpakking, etikettering en opberging daarvan, die inseminering van diere en die hou van verslae so gedoen word as wat die Genootskap van tyd tot tyd mag goedkeur.

10.10 Die aantekening- of registrasiesertifikate van diere deur K.I. verwek sal dienooreenkomstig aangedui word en sodanige diere sal ook as sulks in die Kuddeboek beskryf word.

10.11 Onderhewig aan die bepalinge van die Wet mag individuele telers onbeperkte hoeveelhede semen van hul eie manlike diere vir gebruik op hul eie vroulike diere opvang, verwerk, verpak, etiketteer en vir ‘n onbepaalde tydperk opberg.

10.12 Onderhewig aan die bepalinge van die Wet, sal die nageslag wat deur die gebruik van bevrore semen van nie-goedgekeurde semenskenkers verwek word, vir aantekening of registrasie in aanmerking kom: Met dien verstande dat −

(a) volle besonderhede van die eienaarskap van die skenkerdier aan die Genootskap voorgelê is;

(b) die opvang en opberging van die semen gedoen is deur ‘n organisasie wat deur die Raad goedgekeur is;

(c) die organisasie waarna Verordening 10.12(b) verwys, die Genootskap van kwartaallikse opgawes van sy voorrade en uitreiking van sodanige bevrore semen voorsien;

(d) indien ‘n aangetekende of geregistreerde of nie-goedgekeurde skenkerdier of skenkerdier geskik vir aantekening of registrasie, waarvan die semen opgevang, bevries en opgeberg is, oorgedra word, die persoon in beheer van die semenbank die Genootskap van ‘n sertifikaat voorsien waarop die aantal dosisse semen aangedui word wat namens die verkoper of oordraggewer van die manlike dier op die oordragdatum opgeberg is en welke sertifikaat of ware afskrif daarvan die kennisgewing van oordrag moet vergesel; en

(e) daar aan al die vereistes van die Grondwet met betrekking tot geboortekennisgewing en/of aantekening of registrasie voldoen is.

(f) Sien 10.4 Semen aangekoop.

11. REËLS MET BETREKKING TOT EMBRIO-OORPLASINGS (E.O.)

11.1 Kennisgewing

Elke teler wat van voorneme is om embrio-oorplasings toe te pas, moet die Genootskap minstens 30 dae voordat hy met sodanige praktyd begin, skriftelik daarvan in kennis stel. Die Genootskap behou die reg voor om te weier om nageslag wat deur embrio-oorplasings ontstaan het, vir aantekening of registrasie aan te beveel indien enige van die Verordeninge hierna genoem nie ten volle nagekom is nie.

11.2 Vereistes

Diere wat deur embrio-oorplasings ontstaan het, sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom: Met dien verstande dat –

(a) aan die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is;

(b) ouerskap van elke kalf voortspruitend uit 'n embrio-oorplasing deur DNS bevestig is;

(c) die volgende dokumente binne 120 dae na die embrio-oorplasing ingedien word:

(d) die DNS Laboratoriumnommers van die eiselskenker en die semenskenker;

(e) 'n sertifikaat deur 'n veearts, embrio-oorplaser of in die geval van binne-kudde embrio-oorplasing, die eienaar of 'n persoon voltyds in sy diens, te dien effekte dat al die bepalinge van die Wet nagekom is.

11.3 Telers buite Suid-Afrika

Telers wat in die Gebied, uitgesluit Suid-Afrika, woonagtig is, sal die voorreg van aantekening of registrasie geniet ooreenkomstig die bepalinge van die Wet en mag aansoek doen vir aantekening of registrasie van nageslag wat deur E.O. ontstaan het: Op voorwaarde dat −

(a) die eiselle verkry is van ‘n bron wat deur die Genootskap en die Vereniging goedgekeur is; en

(b) die opvang van eiselle, die verwerking, verpakking, etikettering en opberging daarvan, die inovulering van diere en die hou van verslae op so ‘n wyse gedoen word as wat die Vereniging van tyd tot tyd mag bepaal.

11.4 Nageslag ontstaan uit Ingevoerde Eiselle

11.4.1 Nageslag wat deur embrio-oorplasing met ingevoerde eiselle ontstaan het, sal vir aantekening of registrasie in aanmerking kom op voorwaarde dat aan al die vereistes van die Grondwet *mutatis mutandis* voldoen is.

11.4.2 Die vereistes vir aantekening of registrasie sal dieselfde wees as dié vir ingevoerde diere.

11.4.3 Sodanige ingevoerde eiselle moet in die land van oorsprong opgevang word deur 'n bevoegde liggaam (goedgekeur deur die Direktoraat: Dieregesondheid van die Departement) en moet afkomstig wees van eiselskenkers wat aan die minimum vereistes voldoen soos deur die Genootskap bepaal en goedgekeur is deur die Vereniging vir die invoer van eiselle en, indien bevrug, moet sodanige eiselle bevrug wees met die semen van 'n manlike dier wat eweneens aan die minimum vereistes voldoen soos bepaal deur die Genootskap en deur die Vereniging goedgekeur is.

11.5 Binne-kudde E.O.

11.5.1 Sodanige eiselle kan opgevang word deur -

(a) ‘n veearts;
(b) ‘n geregistreerde embrio-oorplaser;
(c) die eienaar self; of
(d) ‘n werknemer in die eienaar se heeltydse diens:

Met dien verstande dat indien ‘n veearts of ‘n geregistreerde embrio-oorplaser die werk verrig, die

voorgeskrewe besonderhede in die Wet in ‘n sertifikaat aan die eienaar voorsien moet word.

11.5.2 Die aantal opeenvolgende of mede-eienaars van ‘n eiselskenker word nie beperk nie.

12. INGEVOERDE EISELLE EN EMBRIO’S

Die inovuleringsertifikaat van nageslag wat deur embrio-oorplasing met ‘n ingevoerde eisel ontstaan het moet, onderhewig aan die bepalinge van Verordeninge 11, ook vergesel gaan van –

(a) 'n sertifikaat deur 'n erkende bevoegde liggaam in die land van oorsprong uitgereik en waarop aangedui word –

(i) die naam, identifikasie- en aantekening- of registrasienommer van die eiselskenker;
(ii) die datum en plek van opvangs;
(iii) die aantal lewensvatbare eiselle opgevang van die betrokke eiselskenker;
(iv) dat die eiselle opgevang is vir uitvoer na die Gebied; en
(v) die naam en adres van die invoerder, en

(b) in die geval van 'n bevrugte eisel ook 'n sertifikaat behoorlik geteken deur 'n erkende bevoegde liggaam in die land van oorsprong en waarop aangedui word −
(i) dat die bevrugting deur kunsmatige inseminering teweeggebring is; en
(ii) die naam, identifikasie- en aantekening- of registrasienommer van die betrokke semenskenker asook die datum en plek van inseminering.

13. AANTEKENING- OF REGISTRASIESERTIFIKATE

Geen aantekening-, registrasie- en geboortekennisgewingsertifikate word deur die Vereniging uitgereik nie, maar is op aanvraag by die Vereniging beskikbaar. Die aansoeker sal verantwoordelik wees vir die koste van sodanige sertifikaat.

13.1 Kennisgewing van gebeure wat die kansellering van aantekening-, registrasie- en geboortekennisgewingsertifikate noodsaak

Indien ‘n dier wat aangeteken of geregistreer is of vir aantekening of registrasie in aanmerking kom vrek, gekastreer of gesterilliseer word, of nie voor die ouderdom van 3 jaar en 100 dae gekalf het nie, of vir slagdoeleindes verkoop word, moet die Vereniging na sodanige gebeure daarvan in kennis gestel word. Kennis van kansellasie, met die nodige inligting van die diere, moet skriftelik of elektronies aan die Vereniging gestuur word.

13.2 Sertifikaat van Uitgebreide Stamboom

Enige persoon mag deur die Genootskap by die Vereniging aansoek doen om 'n sertifikaat van 'n uitgebreide stamboom met betrekking tot 'n dier wat aangeteken was of geregistreer is of ten opsigte waarvan 'n geboortekennisgewingbewys uitgereik is en indien moontlik sal so 'n sertifikaat van uitgebreide stamboom uitgereik word. Elke sodanige aansoek moet van die voorgeskrewe gelde vergesel gaan soos van tyd tot tyd deur die Raad en die Vereniging bepaal mag word.

13.3 Uitvoersertifikate

Die aantekening- of registrasiesertifikate is die uitvoersertifikate van die Genootskap en moet by die Vereniging aangevra word. Die aansoeker is verantwoordelik vir die koste van sodanige sertifikate.

14. BEVESTIGING VAN OUERSKAP

14.1 Ongeag die bepalinge van Verordening 3, behou die Raad die reg om te eniger tyd 'n toets ter bevestiging van ouerskap van enige dier te vereis −

(a) as ‘n roetine prosedure, soos van tyd tot tyd deur die Vereniging bepaal; en

(b) in enige geval van twyfel.

14.2 In die geval van die bevestigingstoets waarna in Verordening 14.1(a) verwys word sal die teler vir alle kostes van alle ouerskapkontroletoetse, verantwoordelik wees behalwe die eerste stel toetse waar die Genootskap die DNS koste sal dra.

15. OORDRAGTE

15.1 Vir alle verkope of verwisseling van eienaarskap van aangetekende of geregistreerde diere of diere wat vir aantekening of registrasie in aanmerking kom, moet aansoek vir oordrag aan die koper of nuwe eienaar deur die verkoper of oordraer gedoen word

15.2 Sodanige aansoek om oordrag moet binne 30 dae na die oordragdatum van die betrokke dier aan die Vereniging gepos, epos of oorhandig word op voorwaarde dat indien die aansoek later as 30 dae, maar minder as 60 dae na die oordragdatum aan die Vereniging gepos, epos of oorhandig word of meer as 60 maar minder as 90 dae na dié datum, die gelde wat betrekking tot die oordrag verskuldig sal wees, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal.

15.3 'n Aansoek om sodanige oordrag wat meer as 90 dae na die oordragdatum aan die Vereniging gepos, epos of oorhandig word, sal deur die Raad oorweeg word en kan aanvaar word na die betaling van sodanige gelde as wat die Raad mag bepaal.

15.4 'n Aansoek om die oordrag van 'n dier moet die volle naam en adres van die nuwe eienaar asook die handtekening van die verkoper of oordraggewer en die oordragdatum ingevul is in die spasie wat daarvoor op die sertifikaat gelaat is. Oordragte van diere, met die inligting van die diere en die nuwe eienaar, mag ook skriftelik of elektronies aan die Vereniging gestuur word.

15.5 Vir die doel van voorafgaande Verordening 15.4 word die oordragdatum gereken as die datum waarop die dier die besit van die verkoper of oordraggewer verlaat.

15.6 Indien dragtige vroulike diere verkoop word moet die verkoper 'n dekking- of inseminering-sertifikaat aan die koper voorsien (afhangende of bevrugting deur natuurlike dekking of kunsmatige inseminering teweeggebring is). Die dekkingsertifikaat moet die identifikasiemerke en die aantekening- of registrasienommers van die betrokke manlike en vroulike dier asook die dekkingsdatum verstrek.

15.7 Verandering van eienaarskap sal as plaasgevind beskou word indien -
(a) 'n dier verkoop, geruil of geskenk is;
(b) 'n dier geërf is;
(c) 'n vennootskap ontbind is; en
(d) 'n manlike dier geregistreer is in die naam van twee of meer eienaars en enige afstand doen van sy/hul aandeel in die manlike dier wat so geregistreer is of om enige rede afstand doen van sy/hul belange in genoemde geregistreerde manlike dier.

15.8 Indien die Raad van mening is dat die verkoper of oordraggewer heeltemal in gebreke bly of weier om enige stappe te doen ten uitvoer van sodanige oordrag en in gebreke bly en indien die nuwe eienaar bereid is om sodanige gelde as wat die Raad mag voorskryf te betaal, mag die Raad met die toestemming van die Vereniging, sodanige stappe doen as wat nodig geag mag word om te voldoen aan die wense van die koper of nuwe eienaar, op voorwaarde dat in so 'n geval die boetebepalings wat in Verordeninge 15.2 en 15.3 hiervan neergelê is, op die nuwe eienaar van toepassing is.

15.9 Geen Hulpstamboek A dier mag binne 1 jaar na aantekening oorgedra word nie.

16. HERINSTELLING VAN DIERE IN DIE KUDDEBOEK

Indien 'n dier gekanselleer is, sal sodanige dier slegs op aanbeveling van die Raad in die Kuddeboek heringestel word: Op voorwaarde dat die aansoek om herinstelling van die dier deur dieselfde persoon aangevra word wat om die kansellering daarvan aansoek gedoen het. Die aansoek om die herinstelling van 'n dier moet vergesel gaan van die gelde wat van tyd tot tyd hiervoor deur die Raad bepaal word. Die

aansoek om herinstelling moet aan die kantoor van die Genootskap gerig word en nie die Vereniging nie.

17. KANSELLERING VAN REGISTRASIE

17.1 Die Raad mag die Sekretaris versoek om by die Vereniging aansoek te doen om die kansellering van die registrasie van enige dier wat –

(a) verkeerdelik geregistreer is;
(b) geregistreer is op grond van valse of bedrieglike inligting wat deur die eienaar verstrek is;
(c) geregistreer is nadat die eienaar versuim het om te voldoen aan enige verordening waaraan voldoen moes word om te verseker dat die registrasie foutloos geskied;
(d) in die geval van 'n vers wat op die ouderdom van drie jaar en 100 dae nog nie gekalf het nie; of
(e) in die geval van 'n vroulike dier wat nie binne ‘n gegewe tydperk die neergelegde aantal kalwers gehad het nie, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal mag word.
(f) in die geval van ‘n vroulike dier, nie binne 851 dae van haar vorige kalf, weer kalf nie.
(g) in besit van ‘n lid is, wat bedank het by die Genootskap en die Vereniging.
(h) in besit is van ‘n lid wat geskors is en nie rehabiliteerbaar is nie.

17.2 Voordat daar so om die kansellering van 'n geregistreerde dier aansoek gedoen word, moet die Sekretaris die eienaar van die dier minstens 30 dae voor die tyd skriftelik, na sy jongste bekende adres of epos adres kennis gee van sy voorneme om dit te doen. Appél mag skriftelik by die Sekretaris aangeteken word.

Soos gewysig op SAJ van 15 Februarie 2023.